

19 OKTOBER

**SKRIFGEDEELTE: OPENBARING 19:1-10
FOKUSGEDEELTE: OPENBARING 19:8b**

Jou goeie dade is die fyn linne by God se bruilof

Die liefdesverhouding tussen 'n bruidegom en sy bruid word dikwels gebruik om die verhouding tussen Christus en sy kerk te vergestalt (Ef. 5:32). Christus het reeds die bruidskat vir sy bruid betaal. Nou moet die bruid haar gereedmaak vir die bruilofsfees wat gaan plaasvind met Christus se wederkoms. Die mooiste en die beste linne word gebruik om die bruilofskleed te maak. Wat kan mooier wees as die bruid wat haar gereed maak vir haar bruidegom? Vier keer weergalm 'n "Halleluja!" deur die hemel in hierdie gedeelte. Halleluja! – want God het die verdrukker van sy kerk geoordeel. Halleluja! – want God het die vonnis voltrek. Halleluja! – roep die vier-en-twintig ouderlinge en vier lewende wesens uit, en onderwerp hulle aan God. Halleluja! – want God het die troon bestyg. Maar, God *is* mos die Koning, dan nie? Uit die verre verlede hoor ons weer die refrein van die profesie: "... want vir ons is 'n Koning gebore, aan ons is 'n Seun gegee, en die heerskappy sal op sy skouer wees, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Almagtige God, Ewige Vader, Vredevors." Die Lam het sy koningskap aanvaar, en die Bruid het haar gereed gemaak. Die bruilofsmaal van die Lam is voorberei en die Bruid is versier. Waarmee? Met die regverdige dade van die heiliges! Al ons dade doen ons uiteraard uit dankbaarheid, want, soos Paulus sê, wat het ons wat ons nie ontvang het nie? Heiligheid, so lees ons in Psalm 93, pas by God se huis. Net so pas dankbaarheid en dade wat daarop dui, by ons wat aan die Bruidskerk behoort.

Geliefde van die Here, kan die wêreld vandag die Bruidskleed aan jou optrede herken?

Sing: Skrifberyming 18-3:8; 9

Ds Hennie Schutte (Pretoria-Wes)